# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 35 30 Augustus 2026


Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENSTE VANDAG

*Vanoggend vier ons die Heilige Nagmaal. Die nabetragting sal tydens die aanddiens gehou word.*

Ds. Lourens du Plessis sal die oggenddiens lei. Ds. Jan-Louis Lee lei vanaand die nabetragtingsdiens.

*Ons bid julle die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.*

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 30 Augustus**
**Oggend: Wyke 25 & 26**
*Oudle.* Leendert Snyman
Theuns van Wyk (snr)
*Diakens:* David Klein
Kenneth Boy
Anton de Jager
Jacobus Pretorius



**Aand: Wyke 27 & 28**
*Oudle:* Jaco du Plessis
De Wet Boshoff
*Diakens:* Francois de Kock
Herman Bonnet

## TEE EN KOFFIE NA NAGMAAL

*Almal word vanoggend hartlik uitgenooi om na die viering van die Heilige Nagmaal, geloofsbande te versterk oor 'n koppie tee/koffie met heerlike koeke spesiaal gebak vir hierdie geleentheid.*

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondag:**

**Maandag:**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11:18:00-18:45
Graad 9&10: 19:15-20:00

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word."*
*Judas: 2*

*Vandag 30 Augustus*
Alicia Booysen +27823081152
Leon Hossel 076 731 1355

*Saterdag 5 September*
Hannie Kohlmeyer 076 731 1355
Isabelle Steenkamp (8) 082 550 1356

*Hartlik geluk aan sr. Hannie Kohlmeyer wat Saterdag haar 81ste verjaardag vier. Mag die Here jou ryklik seën en mag jy gelukkig wees. Ons wens jou 'n mooi dag toe saam met jou geliefdes.*

## *JEUG VAN GISTER*

Die Jeug van Gister kom weer op Dinsdag 8 September om 09:30 in die saal bymekaar.

## MEELEWING

*Frans Schutte* ondergaan Maandag 'n rugoperasie. Ons bid dat die Here die operasie sal seën en dat jy gou verligting van die pyn sal ervaar.
083 304 0357

Ons wens *Elaine Oberholzer* baie sterkte toe met die operasie wat sy gaan ondergaan om 'n pasaangeër te ontvang. Mag die Here die operasie seën en mag jy sommer gou baie beter voel. 074 454 8223

Ons is saam met *Rinus van Heerden* en sy familie baie dankbaar dat hy, na 5 weke in die hospitaal, ontslaan is en tuis aansterk. Ons bid steeds dat jy spoedig 'n nier mag ontvang. Ons dink ook aan sy suster wat hom so mooi versorg en aan sy familie. Mag die Here se genade elke dag genoeg wees. 079 504 8319



*8Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. 9Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.*
*1 Petrus 3:8 – 9*

## ATTESTAAT

*Ons gemeente is baie dankbaar en geseënd en het vanoggend 'n lang lys van nuwe lidmate wat ons hartlik wil verwelkom.*

Met attes het by ons aangesluit:
*Charlize Swanepoel* 071 873 9378 van Meyerton af en *Jané Lourens* 082 608 3176 kom van Frankfort

*Die volgende lidmate word in die gemeenskap van Waterkloofrand opgeneem.*

*Barend 082 448 5583 en Marinda 072 211 0140 Uys* en hulle kinders Barend (10) en Mariné (14) kom van die NH kerk Premiermyn
*Rina Verreyne* sluit vanuit die NGK Moreletapark by ons aan 083 269 0085

*Marius 071 522 5849 en Marnette 082 490 8573 de Jager* en hulle dogtertjie *Melanie* (1) kom van die VGK Maranata Pretoria.

*Stephen Engelbrecht* word na ondervraging opgeneem. 076 538 6186

*Edrich 079 880 2468 sluit van Meintjeskopgemeente by ons aan en Sunette 079 880 2468 Malan* word opgeneem in ons gemeente.

*Ons vertrou dat julle almal sommer gou tuis sal voel en gelukkig sal wees in by ons.*

## BEROEPENUUS

**Beroepe ontvang**
Ds MH (Marco) le Roux van GK Reitz/Lindley na GK Wolmaransstad

## PROGRAM VIR SEPTEMBER

8 September: 09:30 Jeug van Gister
12 September: 09:30 Damesontbyt

14 September: Klassisvergadering

19 September: Jong Lote funksie







*Bespreek by Nienke 083 398 9080*

## VIND INNERLIKE RUS DEUR VOOR GOD KLEIN TE WEES!

*2 Samuel 16:5-14; Psalm 131*




Alle mense wil graag gelukkig wees. 'n Groot deel van hierdie geluk word beskryf deur die woorde "rus" en "kalmte" waarvan ons in Psalm 131 lees. Indien u ook na hierdie innerlike rus en kalmte op soek is, mag u by voorbaat weet: Dit is beskikbaar, en God wil dit graag vir u gee. Aan die kruis het Jesus dit reeds vir u berei. Maak nou ook seker dat u die regte roete volg wanneer u op reis gaan om hierdie kosbare skat te gaan opeis!

Weereens lê die geheim nie in menslike groot-wees nie. Inteendeel! Kyk maar net na die insident met Simeï as u wil sien hoe Dawid selfverloënend op die Here gewag het, en daarom ook sy vernedering in God se hande kon lê. Ons sou kon sê dat Dawid sy vernedering gelowig aan God oorgee ... in die verwagting dat Hy dit vir hom in 'n wins sal omskep (Rom. 8:28).

Die gesindheid wat hiervoor nodig is, is dié van 'n gespeende kind. Anders as die kind wat nog gesoog word, het die gespeende kind geleer om sy moeder te vertrou. Hy het geleer dat die moeder sy behoeftes beter ken as hyself. Daarom kan hy hom onbevange aan die avontuur van kind-wees wy, terwyl die moeder se liefde oor hom waak, en die waarborg is dat "niks hom sal ontbreek nie".

Begryp u nou meer van Dawid se diep, innerlike rus? Begryp u meer van die vrede wat God graag ook vir u as verbondskind wil gee? Wees u maar net vir die Here 'n gehoorsame kind. Vertrou u Vader soos die gespeende kind sy moeder vertrou. Dan sal u met verwondering ervaar hoe Hy in die oortreffende trap vir u alles doen wat van Hom as troue Vader en Verbondshoof verwag word.

*Ds JJ Cloete (Koos) Emeritus*

## SNIPPERS




***FamilieStemme** is 'n samesang geleentheid waar die hele familie kan kom saamsing tot eer van die Here.*

*Geen oefening of ervaring is nodig om te kom saamsing nie. Bring die hele familie en nooi alle belangstellendes. Deel asseblief die skakel om deel te word van die groep wat meer inligting verskaf rakende die geleentheid. Kommunikasie sal tot die minimum beperk word om die las van 'n groot aantal boodskappe te vermy.*

*Daar sal 'n ligte ete met koffie en tee bedien word na afloop van die geleentheid. Die aand is gratis met 'n vrywillige kollekte om die onkostes te dek en toekomstige sangaande te verseker. Soli Deo Gloria*




*Die Gereformeerde Kerk Magalieskruin bied vanjaar die dertiende Afri-Duetfees aan, en wel op Saterdagmiddag 17 Oktober om 14:00 by die Staatsteater. 'n Aansienlike deel van die opbrengs gaan vir die "Sorg Met Eer" projek vir ons emeriti. Skakel of Whatsapp vir Riekie by **082-586 9167** en bespreek u kaartjies.*

# FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Henning Noëth
078 770 7519

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Péter Wassenaar
082 920 4474

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**

Snap here to pay
SnapScan

**KERKKAS**

Snap here to pay
SnapScan